KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Jaargang 50 Nr 24 27 Julie 2025

# Is God vanselfsprekend?

‘n Groot gevaar wat jou dalk kan oorval is dat jy jou godsdiens as vanselfsprekend aanvaar: Dat God daar is, of dat God voorsien, of dat God genade en krag gee is nie vanselfsprekend nie. Jy is so besig van die oggend tot die aand dat daar soms te min tyd is vir stil word voor jou God. Té min tyd vir besinning, vir ‘n oop Bybel, gebed, ens. Dan dink jy dat God en sy genade vanselfsprekend geword het.

In ons tyd het godsdiens oppervlakkig geword. Dit skep ’n valse gerustheid dat God altyd daar is en dat ons veilig is. Hý sal voorsien..., dit moét met ons goedgaan..., dit kan nie anders nie.

Dit is noodsaaklik dat ons dit nie as vanselfsprekend aanvaar daar Hy daar is nie. Die rede vir Sy genade, beloftes, versorging is veel meer. Dit vereis van ons ware aanbidding, lofprysing, danksegging en opneem van jou kruis. Sy liefde en genade maak Hom nie vanselfsprekend nie.

Ons moet eerder “onrustig” verlang na God en Sy Woord, Sy liefde en Sy genade. Hy is nie vanselfsprekend nie.

Volgens **Hosea 8:2** moet ons waak teen valse godsdiens. Israel het nie God geken nie. Hulle het gedink hulle ken God maar dit was oë-verblindery. Hulle het sogenaamd goeie dinge vir God gedoen maar dit was eintlik net vir hulleself.

Laat ons nadink aan die hoofdoel van mens op aarde naamlik om God te verheerlik en geniet om Hom vir ewig te dien.

God het ons nie regtig nodig nie, maar Hy het ons geskape om in gemeenskap met hom te lewe. Laat ons dus nie só besig wees met alledaagse dinge dat ons van God vergeet nie. Net soos kinders wat hul ouers se tyd en liefde wil hê so ook ons hemelse Vader.

Maak elke dag tyd om in ’n verhouding met God, deur Jesus Christus, te lewe.

Oudl Izak Erasmus

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 15, Ps 91:1 Volgende week: Nagmaal

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

| | |
|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerkkas** (by die deure) |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Kerkkas** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 27-Jul | Quintes | Myburgh | B05 | 0662447277 |
| | Thys | Reynecke | C12 | 0827789193 |
| | Francois | Venter | C10 | 0718577894 |
| 28-Jul | Gerrie | Smit | C03 | 0826409228 |
| | Sarie | vd Merwe | C02 | 0725004770 |
| | Renske | Verburgh | C08 | 0784345760 |
| 29-Jul | Leonie | Fouché | A13 | 0835715047 |
| | Lucia | Stronkhorst | C05 | 0826375362 |
| | Dina | vd Berg | B11 | 0833051305 |
| | Chantel | Venter | C10 | 0723803963 |
| 30-Jul | Neels | Engelbrecht | A14 | 0837613757 |
| | Mariaan | Prinsloo | B04 | 0836315798 |
| | Ina | Wiegand | A11 | 0828874046 |
| 31-Jul | Jurgens | vd Merwe | A11 | 0615177699 |
| 01-Aug | George | Erasmus | C06 | 0824941299 |
| 02-Aug | Rulise | Badenhorst | A02 | 0823592603 |
| | Sonet | de Souza | A08 | 0835611221 |
| | Brittney | du Plooy | B03 | 0785573096 |
| | Paul | vd Berg | A04 | 0842632055 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Jul | Lohan | Dekker | B18 | 824151034 |
| 29-Jul | Lianka | Hoffmann | A02 | 832001907 |
| 31-Jul | Leandri | Styger | B01 | 832260285 |
| 01-Aug | Chloé | Botma | B03 | 728993144 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Willy Janse van Rensburg sterk tuis aan na 'n galblaasoperasie (A3 - 082 742 7772).
- Fanie de Bruin sterk aan in Unitas hospitaal met rugprobleme (A2 - 082 780 8759).
- Willem van Wyk het 'n draai gemaak in die hospitaal (C12 – 082 492 0604).
- Annetta Lombard sterk aan in Eugene Marais hospitaal (A14 - 082 621 7373).
- Chris Smit sterk aan na 'n rugoperasie (A14 – 082 557 7655).
- Henda Vreugde sterk aan na 'n breukoperasie (B7 - 640 4077).
- Wilna Algera sterk aan na 'n ingewande operasie (A6 - 653 0825).

# Geluk

Jaun en Engeli Kok met die geboorte van Mienkhe.



## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:


https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Rev Maarten van Helden

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan.

Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.

## Volwasse Toerusting vir nuwe lidmate

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en of lidmate wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing van jou kennis, kan die toerusting bywoon.

Die volwasse toerusting begin weer:

**29 Jul om 18:30 in die Konsistorie.**

Bevestig asb met ds Maarten 072 143 1855 of die Kerkkantoor 012 664 2614 indien jy dit wil bywoon.

***Maar nou, Here,***
***U is ons Vader.***
***Ons is die klei en***
***U is ons pottebakker –***
***ons almal is die werk***
***van U hande.***
***Jesaja 64:8***

Weens die toenemende kriminele aktiwiteite waar kerke soms geteiken word, vra ons lidmate om asb diskreet te wees met kontant en kosbare persoonlike besittings wanneer u eredienste bywoon.

## J a g - v i r - j o u - K e r k



Die jagseisoen is oop!!

Ondersteun die Diakonie en skenk 'n bok vir die Kerk. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219



## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**27 Jul**

Rina Venter (sameroeper)

Belydenisklas kinders + ouers

**3 Aug**

Elanè Pienaar (sameroeper)

Graad 8



## Diakonie-fondsinsameling

Jubeljaar knipmesse @ R100 elk

Jubeljaar goue en silwer lepels @ R50 elk

Droëwors 400g @ R100

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219





## Nagmaalsete

U word uitgenooi na die Nagmaalsete van


### 3 Augustus

**Tyd: 12:00**

Elke gesin moet asseblief die volgende saambring:

1. Een slaai per gesin vir gemeenskaplike slaaitafel.
2. Eie eetgerei, glase, drinkgoed.
3. Stoele.

U is welkom om 'n gazebo saam te bring.




**Beskikbaar by die kerkkantoor @ R130.**
Bring asb die korrekte kleingeld of EVT bewys.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.


Jubelkamp
Gereformeerde Kerk Centurion
by Nkwe Plesieroord
Hou die datum vry:
12-14 September 2025
Verblyf Opsies
Koste per nag
4 x 4-Bed Houthuis....R1000
1 x 8-Bed Houthuis....R2000
4 x 4-Persoon Karavaan / "Chalet"....R500
Kampeer staanplekke (met krag)....R450
BosKamp staanplekke (sonder krag)....R400
Dagbesoekers....R40
Epos bespreking aan: gkcenturionkamp2025@gmail.com
Verwysing: Naam+Van+Kamp
Nkwe
Pleasure Resort

# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## Die sg. '*vrye wil*' van die mens

**Skriflesing:**
Genesis 2:4-17
Galasiërs 5:13-26
(1983)

**Teksvers**:
Gen 2:16,17

**Sing:**
Ps 116:1,2,7,9
Ps 51:1,6
Ps 119:39
Sb 14-11:1-3
Ps 86:3,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ons hoor die mense praat, en veral die media, van die '*vrye wil'* van die mens. In ons verstaan van sonde en vloek is dit egter vreemde taal, aangesien die mens immers sy vryheid deur sondeval verloor het.

Hoe moet ons dus oor die sonde en die vrye wil van die mens dink?

Onthou: valse vryheid kan lei tot losbandigheid. Ware vryheid is nie gelyk aan geen reëls of geen regulasies nie. Dit is eerder die idee van die libertyne en lei tot valse vryheid. Dit is wetteloosheid en verval.

Ware vryheid is alleen in Christus te vinde.

## S O N D A G A A N D 18:00

## Bly die Here dien, al het jy verkeerde besluite geneem

**Skriflesing:**
1 Samuel 12
(2020)

**Teksvers**:
1 Samuel 12:20 en 21

**Sing:**
Ps 33:1,6
Ps 2:3,6
Sb 17-1:1, 6
Ps 104:1,20
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Paul vd Berg

As jy iets wou hê of iets wou doen, wat jy voor jou siel weet, verkeerd is en in stryd is met die Here se wil?

Die Israeliete wou graag soos die omliggende volke graag ook 'n menslike koning hê, terwyl hulle die beste Koning van alle konings het. Hulle weet dit is teen die Here se wil, maar tog soek hulle 'n koning wat meer sigbaar vir hulle sal wees. Wanneer Samuel met hulle praat en sê dat die Here aan hulle versoek sal voldoen, al is dit verkeerd in sy oë, en dan waarsku Samuel die koning en die volk om die Here te bly dien, anders sal die Here hulle straf.

Die gevolge van verkeerde en sondige besluite, besluite wat teen die wil van die Here, deur die Here toegelaat is, sal na gekyk word. Wat doen mense as hulle verkeerde besluite geneem het en wat die Here doen as ons verkeerde besluite geneem het?